**DIE GEREFORMEERDE KERK**
**PIETERSBURG**



# Die Basuin


**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


**17 MAART 2019**


**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Markus 4: 35 - 41 |
| **Tema** | Die Here wys hoe omgee lyk |

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Psalm 85: 3, 4 (wysie van Ps 2)
Psalm 90: 1, 2
Psalm 20: 6, 7
Psalm 119: 22, 26
Psalm 115: 2, 3 (wysie van ou SK 45)
Psalm 115: 7, 8, 9

Dit is baie keer ons vraag ook: Here, gee U nie om dat ons vergaan nie? Baie keer beland ons in stormweer, sodat ons juis die genade van die Here kan leer ken. Jy bid tot die Here en dan word jou lyding net nog swaarder. Hy is ons Vader deur Jesus Christus. Hy het Hom oorgegee aan die swaar marteldood van die Romeine. Daarom is my swaar vir my die beste - die Here leer my persoonlik. God het 'n doel met beproewings. Dink aan Josef wat deur sy broers verkoop word, Job wat alles verloor. Abraham wat sy enigste seun moet gaan offer. Die Here werk met 'n universele plan, waarvan jy deel is. Mag die Here ons God ons lei tot Sy eer en verheerliking



# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **17 Maart** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| **19 Maart** | **18:00** | Finanskommissievergadering | |
| **21 Maart** | | Menseregtedag | |
| **22 Maart** | | KK-Kamp Voorbereiding | |
| **23-29 Maart** | | Koningskinderskamp | |



# KATKISASIE

Daar is geen katkisasie vandag nie weens die skoolvakansie. Ons begin weer Dv 7 April met die Katkisasie.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 17 MRT 2019

**Diensbeurt:** Wyk C4

**Ouderling:** Marthinus vd Walt

**Katkisasie:** Geen

**Diaken:** Koemi vd Walt

# OOG VIR MEKAAR

- Baie geluk aan JC en Esmari Potgieter met sy beroepbaarstelling. Ons bede is dat hulle gou deur die Here in 'n gemeente gebruik sal word.
- Baie geluk aan verskeie oupas en oumas wie se kleinkinders die afgelope tyd graad ontvang het.

Ons bid vir die volgende lidmate:

- Cecelia Greyling gaan beter na haar breinoperasie.
- Daleen Korff ontvang tans medikasie wat haar baie siek maak.
- Marlene Hoogendyk het n moesie op haar wang laat uitsny. Die uitslag is dat dit kwaadaardig is. Sy moet na Pta gaan vir Petscan.
- Santjie Bester wat weer behandeling kry.
- Hester vd Merwe is tuis en die wond lyk meer gesond.
- Lida Borman wat chemo ontvang het.
- Hennie Oelofse wat chemo ontvang het.
- Johan van Biljon het 'n geweldige infeskie gehad na die angio-gram verlede week. Dankbaar dat hy weer op die been is.

- Tannie Annatjie Korff het Pankreaskanker en is aan die bed gekluister. Ons bid vir haar en oom Buks in hierdie swaar tyd
- Ons bid vir almal wat donker en moeilike tye beleef. Mag God julle deur Sy Helige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.
- Die Koningskinderskamp begin DV Vrydag 22 Maart en duur tot 29 Maart. Volgende Sondag se gesamentlike diens by Noord saam met die kinders is om 10:15. Daar is ook 09:00 'n erediens.  Vrydagaand se kenmekaar begin om 18:00 by GK Pietersburg-Noord. Saterdag se toerusting vir die groepleiers en buddys begin 08:30

## DOPPERMARK GK PTB-NOORD




Doppermark by Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord.Dv Saterdag 4 Mei 2019. Kom geniet dit saam ons vanaf 08H00 tot 14H00. Sien julle almal daar!

## DOPPERPADKAFEE - 12 APRIL 2019

Kom geniet heerlike hamburgers en skyfies, doughnuts en melkskommels by ons padkafee Vrydag 12 April. Bestellings moet asb. vooraf geplaas word. Lyste sal op die kennisgewingbord aangebring word.

Ons benodig bestandele en/of donasies - Melk, Roomys, tamaties, uie en Blaarslaai. Ons tieners se hulp word ook benodig om tydens die geleentheid as kelners op te tree. As jy bereidwillig is skryf asb. jou naam op die kennisgewingbord.

## TEESKINKBEURTE



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **17 Maart** | Karien Nell | C1 | **31 Maart** | Estelle Snyman | C2 |
| | Ansie Venter | C1 | | Hester van der Merwe | C2 |
| | Renchia Grabbelaar | C2 | | Marietjie Venter | C2 |
| | Retha Grobler | C2 | | Colette Albertyn | C3 |
| | Annemarie Koekemoer | C2 | | Christa Carlisle | C3 |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## SILWERDOPPERS KOEKSISTER PROJEK

Ons beoog om koeksisters te bak op Saterdag 30 Maart 2019 ten bate van die Silwerdoppers en skenkings uit die gemeente sal waardeer word. Op die kennisgewingbord is 'n lys van bestanddele wat benodig word. Skryf gerus u naam daarop.



Hulp sal ook waardeer word. Kontak asseblief vir Dina Vermeulen by tel 082 309 4418 vir enige navrae.

Bestellings by Dina of skryf jou naam op die kennisgewingbord. Kostes is R40 Per Dosyn

## SILWERDOPPERS

**Baie Dankie vir julle ondersteuning met die vetkoeke !**

Die Silwerdoppers verkoop DV 15 Maart 2019 Vetkoek en maalvleis of soet vetkoeke. Ons doen 'n beroep op die gemeente - **ondersteun ons en adverteer by jou werksplek en/of vriende**, ons lewer af in die dorp voor 12:00 betyds vir middag ete.



Kostes :
Vetkoek met maalvleis R30.00
Soet vetkoek R20.00

Bestellings kan geplaas word by Cassie Carstens 081 354 3400, Marina v d Walt 072 135 6905 of Sarie Hatting 082 5670518

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[9]

Ds. Kotze bedien die gemeente in Pietersburg van 1951 tot 1955. Hy is in Aliwal-Noord gebore en begin sy bediening in November 1915 in Koster. Hy was twee keer getroud. Die tweede keer is hy getroud met Laurika van Rooy, die dogter van ds. J.A. van Rooy. Uit die huwelik is ‘n dogter gebore.



Foto : Ds. D.N. Kotze

Na die bevesting van ds. D.N. Kotze in November 1951 tree die kerk ‘n nuwe tydperk binne ten opsigte van sy finansies. Die klem word gelê op die insameling van offergawes. Op 7 Augustus 1954 dra die kerkraad ook ‘n duisend pond by aan die eeufeesbedieningsfonds vir die kerk se eeufeesvierings.

Vanaf 1954 word daar verskeie kere in die keraadsvergaderings gepraat oor die moontlikheid van die bou van ‘n nuwe kerk. Die bestaande kerk wat toe al reeds ‘n keer vergroot is in die tyd van ds. de Klerk het te klein geword. Tydens die kerkraadsvergadering in Oktober 1954 word daar besluit om in alle erns fondse bymekaar te maak vir die bou van ‘n nuwe kerk.

Die administrasie van die gemeente verbeter en ‘n kaartstelsel word ingestel om lidmaatinligting op datum te hou en daar word ook ‘n attestasie-skriba gekies om die meerdere werksaamhede te help hanteer. Gedurende 1953 oorhandig minister Tom Naude wat ook die Volksraadslid vir Pietersburg was, ‘n nuwe Kanselbybel aan die gemeente.

Ds. Kotze neem aan die einde van 1954 ‘n beroep aan na Ventersdorp en op 15 Januarie 1955 word hy losgemaak as predikant van Pietersburg. Weer begin die gemeente beroep en eers na die sewende beroep van die gemeente aanvaar prop. F.N. Lion-Cachet die beroep na Pietersburg. Ds. Lion-Cachet word op 15 Januarie 1956 as die gemeente se sesde voltydse predikant bevestig.



Foto : Ds. Lion-Cachet

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Ma. - 18 Mrt. | Jan Keyser Albertyn<br>Elzia Boshoff | D<br>B | 082 895 9150<br>082 931 7992 |
| Wo. - 20 Mrt. | Marié Austin ** (80)<br>Deon Boshoff | B<br>B | 082 344 5586<br>072 353 1968 |
| Do. - 21 Mrt. | Renchia Grobbelaar<br>Dirk Korff<br>Martie Mulder | B<br>B<br>B | 072 634 3442<br>082 802 3740<br>082 859 0727 |
| Vr. - 22 Mrt. | Poppie Potgieter * | B | 072 288 3323 |
| Sa. - 23 Mrt. | Annatjie Venter | B | 083 399 5592 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 20 Mrt. 1976 | Piet & Lida Bornman | 43 | 082 681 5114<br>079 097 8416 |
| 23 Mrt. 1996 | Chrisna & Maurice Stander | 23 | 082 804 6912<br>082 448 9198 |

## BEROEPENUUS

Geen

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?"*
*Markus 4 vs 41*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS